
# NUUS Krummels



## DAVID SE VYF KLIPPIES

# Voorbidding




- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Esmarie Terblance
- Chris Bester
- Gideon Theart
- Detlev Traut
- Coenie Baard
- Danie Volschenk
- Die Wessels familie - Mia-Miri(6)
- Yvonne Horn
- Miranda Beukes
- Vollie Volschenk
- Gerhard le Roux
- Jakkie Alberts
- Alta Langenhoven
- Stefan Dippenaar
- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan. Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.

**BID sonder ophou**

Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.
Elke Sondag 08:30 - 08:55

Louwrensrivier-Strand

# Pinkster '26

**Neem asb. kennis van die tyd!**



17 Mei: 09:00 - Erediens - Koffie & Tee na die tyd
18 Mei: 19:00 - Erediens - Sop na die tyd
19 Mei: 19:00 - Erediens - Sop na die tyd
20 Mei: 19:00 - Erediens - Sop na die tyd
21 Mei: 19:00 - Erediens - Sop na die tyd
24 Mei: 09:00 - Nagmaal



# 16-18 Oktober '26

**Almal is baie welkom! Skakel asb. die kerkkantoor indien jy belangstel om saam te kamp**

**Save the Date · Save the Date · Save the Date ·**

**Gemeente Kamp!**

**Kampterrein:** Khomeesdrift buite Riviersonderend
**Karavane:** Ja
**Krag:** Nee

# VoedselFees

WEGNEEM-ETE FONDSINSAMELING

# 5 JUNIE

**Pannekoek:
R7-00 elk of
3x vir R20-00**

**Kerrie & Rys:
R40-00**



## BESTEL NOU!

- Plaas asb. jou bestelling met betaling by die Kerkkantoor, nie later as Vrydag 29 Mei
- EFT en Kontant word aanvaar.
- Kos word afgehaal in die Kerksaal tussen 16:00 - 19:00

**Lip-Lek-Lekker Lip-Lek-Lekker**

# DAVID SE VYF KLIPPIES

In die Ou Testament lees ons hoedat die Filistyne en die Israeliete gedurig aan die veg was om dit uit te spook vir mag en eer en beheer. In 1 Sam 17 lees ons van een so 'n episode. Dié keer het die Filistyne al hulle vertroue op hulle baasvegter, Goliat, gesit. Hy was 3 meter lank, gepantser met 'n bronshelm op sy kop, 'n sewe en vyftig kilogram harnas met skubbe, bronsskerms voor sy bene en 'n bronsswaard oor sy skouer. Die steel van sy spies was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel en die ysterlem daarvan was sewe kilogram.

Dit was vreesaanjaend! En hy was arrogant en uitdagend. Vir veertig dae lank het hy elke dag teenoor die Israeliete gaan staan en hulle verkleineer en uitgedaag. En die Israeliete het geskrik, hulle was mismoedig en bang en het vir hom gevlug. Stop nou net hier vir 'n oomblik en dink bietjie oor jou lewe vandag: wat is daar wat jou só bang, mismoedig, moedeloos, vreesagtig, verneder, verkleineer en oorweldig laat voel? Watter Goliat staan nou al vir 40 dae (of langer) voor jou en bedreig jou, spot jou of lag jou uit?

Dalk is dit die Corona-pandemie of 'n ander siekte. Dalk jou finansies of bekommernisse oor jou kinders en hulle toekoms. Dalk depressie of donker gedagtes. Dalk verslawing of 'n swak selfbeeld. Dalk mishandeling of misbruik. Dalk boelies, slegte verhoudings of 'n egskeiding. Dalk politieke kwellinge of skelms. Dalk slegte nuus. Dalk is dit nou tyd dat die Dawid binne jou opstaan, rivier toe stap en vyf klippies optel en met vertroue verklaar: "Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap." (1 Sam 17:46) Vandag - nou, hierdie week, hierdie jaar, binnekort. Sal – dit is 'n gegewe feit. Die Here - Hy kan, niks is vir Hom onmoontlik nie. Ek kan – wanneer ek swak is, is ek sterk want God se krag werk in my. Jou verslaan – oorwin, oorkom, verbreek die greep. Mag die Here ons hiermee help. Mag Sy vrede van ons besit neem.

Ek het bietjie verder gelees oor Dawid in 1 & 2 Samuel en weer gedink oor die hele Goliat-storie en die vyf klippies wat Dawid opgetel het. Ek het gewonder hoekom word dit pertinent genoem dat hy vyf klippies opgetel het. Hoekom het hy vyf klippies uitgesoek as een genoeg was? Het hy nie vertroue gehad in sy vermoë om te tref nie, dié dat hy gesorg het vir genoeg klippe? Hy het tog as't ware net een kans gehad want as hy met die eerste slinger gemis het, was dit sekerlik neusie verby met hom. Die antwoord word nie gegee nie, maar soos ek gelees het deur 1 Sam 17, het daar vir my vyf goed uitgestaan in die verhaal – een vir elke klippie! Ek beoog om oor die volgende paar kere, ietsie te deel oor elke klippie – let wel, dis sommer net mý gedagtes, niks teologies, dogmaties of eksegeties nie.

Die eerste klip is een wat ek self vandag nodig gehad het: ***<u>kalmte.</u>*** Saul het gedink Dawid het hulp en beskerming nodig om teen Goliat te veg want hy was mos jonk en onervare in vegkuns, hy was immers net 'n skaapwagter. Daarom laat hy vir Dawid sy eie gevegsuitrusting aantrek, maar arme Dawid kon nie eens daarmee loop nie. Hy het dit uitgetrek en met net sy kierie in sy hand het hy rustig afgestap na die spruit toe en vyf klippies gaan uitsoek. As mens in 'n moeilike situasie kom is daar mos altyd 'n klomp mense gereed met húlle raad en voorskrifte van hoe jy jou probleem moet hanteer. Hulle reken wat vir hulle gewerk het, moet vir jou ook werk.

Dis natuurlik goed en reg so, want ons kan baie leer uit mense se ervaring en opregte raad – verstaan mooi, ek slaan dit geensins in die wind nie, maar partykeer kan dit 'n mens juis paniekerig laat rondhardloop agter oplossings aan, jy gryp hier en los daar en later is jy so deurmekaar en op-gestres jy weet nie watter kant toe nie en dan maak jy dalk net die verkeerde besluite. Ek dink dis in sulke tye wat mens die "geleende gevegsuitrusting" moet uittrek en net rustig raak. Haal diep asem. Kyk objektief na die situasie.

Konsentreer op die positiewe. Moenie die slegste uitkoms van die situasie verwag nie. Visualiseer dat alles ten goede gaan uitwerk. Rig jou gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat hier rondom jou is nie, sê Kol. 3:2. Gee gehoor aan Jesus se uitnodiging: Kom na My toe ... en Ek sal julle rus gee (lees Luk. 11:28). Let go and let God, soos die spreekwoord sê. Gaan dalk fisies na 'n stil plek toe ... dalk af na die rivier toe waar jy 'n paar klippies kan optel en waar jou gemoed kalm kan word en die Here vir jou perspektief, kalmte en vrede kan gee. Dan kan jy, soos Dawid, rustig terugstap en jou Goliat gaan aandurf.

Dawid kon dit nie verdra dat Goliat die Israeliete so verkleineer en op hol jaag nie. Daarom het hy homself aangemeld om iets daaraan te doen. Van Goliat sê hy: "'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie." (1 Sam. 17:32) En ek dink: dáár is die tweede klippie wat Dawid in sy slingersak dra: ***moed.*** "Moed laat 'n mens sy lyding dra..." sê Spr. 18:14. Hoe waar is dit nie. As jy moed het, sien jy kans om met die reus voor jou te veg. As jy moed het, het jy krag om die berg voor jou te klim. As jy moed het, het jy uithouvermoë om te beur teen die storms van die lewe. As jy moed het, maak die onbekende jou nie beangs en paniekerig nie.

As jy moed het vlieg jy met arendsvlerke, ontvang jy vrede wat alle verstand te bowe gaan, kry jy ongekende wysheid, sien jy reeds die uitkoms en oorwinning in jou geestesoog. En sê nou maar daar staan vandag 'n reus voor jou wat jou moed in jou skoene laat sak, wat jou knieë laat swik en jou arms verlam en jou keel laat toetrek? Hardloop na die Here toe en skep moed by Hom, vriend. Hy sê: "Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is, Ek maak die moedeloses weer vol moed." (Jer. 31:25) In Hag. 2:4-5 is daar so 'n mooi gedeelte oor moed. Serubbabel kry die opdrag op die tempel herbou – 'n groot taak, 'n "Goliat" om aan te pak. Die Here sê egter vir Serubbabel en die hele volk om moed te skep en dan gee Hy vier redes waarom hulle moed kan hê vir dié werk: (1) die Here is self by hulle, (2) die Here sal sy beloftes nakom, (3) Sy Gees sal by hulle wees om hulle toe te rus vir die werk, (4) hulle hoef vir niks bang te wees nie.

Wat moet jy vandag doen waarvoor jy dalk nie kans sien nie, omdat die taak te groot, te moeilik, te gevaarlik is? Kom, tel vir jou 'n moed-klip op en skryf jou naam in hierdie teks en skep moed vir dit wat voor jou lê: "Maar nou, Serubbabel, skep moed, sê die Here, en jy Jesua seun van Josadak, hoëpriester, skep moed, en julle almal, burgers van die land, skep moed, sê die Here! Begin met die werk, want Ek is by julle, sê die Here die Almagtige." (Hag. 2:4)

"Ek sal gaan en teen die Filistyn gaan veg." (1 Sam 17:32) Dalk is een van Dawid se vyf klippies, wat hy gaan optel het om teen Goliat te veg, sy bereidheid - ***"ek sal."*** Niemand anders wil nie. Niemand anders kan nie. Niemand anders sien kans nie. Maar Dawid sê: Ek sal! Hy weet hy is sterk genoeg. Hy weet hy is nie bang nie. Die vrees wat almal vir Goliat het, het nie op hom afgevryf nie. Hy is toegerus met sekere vermoëns en het vertroue in homself. Lees bietjie in 1 Sam 17:34-36 hoe hy eintlik al lankal "voorberei" was vir hierdie geveg.

Terwyl hy skape opgepas het, moes hy al 'n lam uit 'n beer of 'n leeu se bek red. "Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word." (vers 36). Soos wat hy in die verlede kans gesien het om 'n leeu en 'n beer aan te pak om sy skape te red, so het hy kans gesien om dié reus aan te pak om Israel te red. Die ander kant van die "ek sal"-klip is "ek kan". Is dit nie so in die lewe nie – wanneer jy bereid is om 'n taak aan te pak, om iets moeilik te gaan doen, dalk iets wat niemand anders wil doen nie, as jy daai gewillige tree gee, ontvang mens dikwels buitengewone wysheid, nuwe vermoëns en gawes op die regte tyd. As jy sê: "ek sal" gee die Here vir jou insig, wysheid, moed en krag wat jy nodig het vir jou taak. "Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen." (Jes. 49:5) – dit het gegeld vir Jesaja, dit het gegeld vir Dawid en dit geld ook vir my en jou.

Wees gewillig, wees bereid, wees beskikbaar en die Here sal jou bekwaam maak vir dit wat jy moet doen. Wanneer daar 'n moeilike "Goliat"-projek vir jou voorlê, gaan tel vir jou 'n "ek sal"-klip op en weet dat die Gees van die Here jou sal toerus, dat die krag en die kennis sal volg. "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee." (Fil. 4:13)

"Die Here wat my teen die kloue van leeus en bere beskerm het, sal my ook teen hierdie Filistyn beskerm." (1 Sam. 17:37) Wanneer Dawid voor Goliat te staan kom, is dit vir my duidelik dat hy sy ***vertroue*** in die Here plaas en nie in sy slingervel of die klippies in sy sak nie of sy eie vaardigheid nie. Dawid het geweet om nie op Saul se raad of oorlogsklere en wapens te vertrou nie. Hy herinner homself aan die kere in die verlede wat die Here hom gehelp het. Hy bely dat die Here se krag in hom werk. Uit ervaring wéét hy dat die Here hom nie alleen sal los nie. Hy weet dat hy alreeds uitgekies en gesalf is as koning van Israel, al was Saul nog die koning. Hy het die sekerheid dat die Gees van die Here kragtig in hom werk (1 Sam. 16:13) Ek kan nie anders as om te dink dat een van die vyf klippies wat Dawid opgetel het vir "vertroue" was nie.

Die Here sê in Jes. 49:23 "... wie op My vertrou word nie teleurgestel nie." Dawid het dít ervaar en ek wil ook vandag daai vertroue-klip optel en koester. Wat beteken dit vir my om op die Here te vertrou? Ek dink dit vra kennis van wie Hy is, hoe Hy oor my voel en wat Hy wil en sal en kan doen. Dit is iets wat mens, soos Dawid, deur ervaring leer, maar beslis ook uit ander mense se vertroue - en oorwinningsverhale en natuurlik uit die Woord. Vertroue beteken 'n mens moet jouself bewustelik in die Here se hande plaas en met geloof oorgee aan sy leiding en sorg. Vertroue vra dat jy erken en aanvaar en berus dat Hy die beste weet, dat Hy die beste vir jou in gedagte het. Vertroue kom in aksie wanneer my eie krag en my eie kennis en my eie insig opgeraak het.

Vertroue is werklik vertroue wanneer jy nog nie die uitkoms kan sien nie, maar steeds hoop en glo. Vertroue is nie net iets passief nie. Jy sit nie net agteroor en wag dat die Here iets moet doen nie, nee, soos Dawid rivier toe gegaan het en gaan klippies optel het, moet ons iets dóén, ons moet ons kant bring. Wanneer ek daai vertroue-klippie sien, dan wéét ek vertroue in die Here vat bekommernis en vrees en angstigheid weg. Dan wéét ek vertroue in die Here bring vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dan wéét ek vertroue in die Here bring oorwinning. Dan wéét ek "... wie op My vertrou word nie teleurgestel nie."

Ek dink toe Dawid buk om die vyfde klippie op te tel, het hy geweet dat dié een dodelik sou wees (onthou net – die Bybel sê nie so nie, ek "sien" dit sommerso in my geestesoog!) Dit moes die grootste, swaarste klip wees want dit moes klaarspeel met die arrogante, selfversekerde Filistyn wat Israel verkleineer en met vrees gevul het. Die klip wat vir Goliat getref het, wat die oorwinning bewerk het, wat Goliat laat val het en Israel vrede gegee het, was "Die Rots". "Dawid sê vir die Filistyn: Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige." (1 Sam. 17:45) Hy kom in die Naam van die Here, die Naam bo alle name (Fil. 2:9), die Naam waardeur almal gered word (Rom 10:13). Moses het in Eks. 3:13-14 vir die Here gevra: as hulle vra wie het my gestuur, wat is Sy Naam, wat moet ek sê? "Ek is" het my na julle toe gestuur, was die Here se antwoord. As Goliat vir Dawid sou vra: wie het jou gestuur, sou Dawid kon sê: Die ***Rots.*** Die volmaakte, finale oorwinnaars-klip. Hy sou kon sê: "Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar." (Deut. 32:4). Hy sou kon sê: "... daar is geen rots soos ons God nie" (1 Sam. 2:2) Hy sou kon sê: ek kom na jou toe in die Naam van Die Rots, my skuilplek en my redder, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting, my toevlug en bevryder (2 Sam. 22:2-3).

Staan daar vandag 'n Goliat en grynslag voor jou? Is jy bang en bevrees? Is jou planne op? Is jou moed weg? Wil jy oorgee? Gaan staan agter jou Rots (en blý daar!), laat Hy vír jou veg. As jy jou Goliat pak in die Naam van die Here, beteken dit Hý veg namens jou, beteken dit jy staan fisies daar, maar Hy bewerk die oorwinning vir jou. Lees weer 'n keer Dawid se woorde in Ps. 18 en kry moed om jou gevreesde Goliat aan te pak. Ek haal 'n paar sinne aan: Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig. Hy het my gered van my vyand wat sterk was. Hy het my in vryheid laat uitgaan. My God gee lig as dit donker is om my. Met U hulp loop ek 'n oormag storm. Elkeen wat by Hom skuiling soek beskerm Hy. God omgord my met krag. Hy maak my pad voorspoedig. U regterhand het my ondersteun. Deur U hulp het ek sterk geword. U het my ruim vastrapplek gegee. U het my teëstanders voor my laat vlug. Die Here leef! Ek loof Hom wat my Rots is.

Geleen - Wilna Botha, www.heuning.co.za



***Verhuis jy na 'n ander Gemeente of dorp?***
***Ons wil graag vir jou kan totsiens sê.***
***Skakel asb. die Kerkkantoor en laat ons asb. weet***



Lourensrivier-Strand

# Snuffel MARK



## @ 11:30




**Datum:** Woensdag, 27 Mei

**Plek:** NGK Lourensrivier

55 Jenningsstraat, Strand

NGK Lourensrivier - Strand

# FeesMark

## 23 Oktober - 7 November ‘26

**Het jy al aansoek gedoen om die jaar by ons Mark uit te stal?**

**Ons is opsoek na uitstallers wat Goeie Kwaliteit, Handgemaakte Produkte, asook Unieke Items maak om by ons Mark uit te stal.**




## Aansoeke sluit:
## 30 Mei

## Keuringsdag:
## 30 Mei

*Vir ‘n aansoekvorm, stuur gerus ‘n e-pos na: lourensrivierfeesmark@gmail.com of gaan na ons webblad en laai al die nodige dokumente af*

Skakel gerus die Kerkkantoor vir meer inligting: 021 853 5991


Count
YOUR
Blessings

# VoedselFees

Kom **HELP** ons bak en brou vir die Voedselfees wat gehou word op

***Saterdag 29 Augustus '26!***

Ons het ekstra hande nodig om vanjaar se fees 'n groot sukses te maak. As jy graag wil help, maar nie die spasie het of die skottelgoed by die huis wil hê nie, is hierdie die ideale geleentheid om saam in die kerk se kombuis te werk.

**1. Die Kleinkoekies:**

*Ons benodig mans en dames om te help met die voorbereiding en bak.*

- **Waar:** Ons kom op spesifieke dae (voor die fees) by die kerk se kombuis bymekaar en doen alles sommer daar.
- **Bonus:** Jy hoef nie jou eie kombuis tuis, vol meel te hê nie!

**2. Die Nagereg vir die Poedingtafel:**

*Ons soek hulp met die voorbereiding en maak van die nageregte.*

- **Wanneer:** Ons kom die Vrydag voor die VoedselFees in die kerk se kombuis bymekaar om alles voor te berei.
- **Koördineerder Gesoek**: Ons soek dringend 'n man of dame om die poedingtafel te koördineer. As jy graag saam met iemand dit saam wil aanpak is julle ook meer as welkom!
- **Moenie bekommerd wees nie:** Ons gooi jou nie in die diepkant nie! Daar is volledige inligting en riglyne van vorige jare beskikbaar om jou stap-vir-stap te help.

**Wie kan help?**

Enige man of dame is welkom! Of jy nou wil deeg rol vir die koekies of help om die poedingtafel reg te kry, ons het jou hande nodig.

***(We need all Hands on Deck!)***

Skakel asb. vir Appolonia op
082 507 7091 as jy kan help



# Asseblief

Is daar dalk iemand met 'n ekstra selfoon in die huis? Ons kantoorselfoon is nou al 13 jaar oud en sukkel om by te hou! Ons sal dit vreeslik waardeer as iemand ons kan uithelp met 'n toestel wat nog goed werk.

Laat weet asseblief vir Bernice by die kerkkantoor as jy kan help.

Lourensrivier-Strand

# WINTERWARM IN JULIE

***DEEL DIE WARM DIE WINTER!***

ONS MAAK BYMEKAAR

**SERPE | KOMBERSE | BEANIES**

**Ons wil graag dankie sê vir al die besige hande wat vir ons mussies hekel/brei. Ons benodig egter ook nog Serpe en Komberse asb. Jy mag dit self maak, of self koop, dit maak nie saak nie.**

AANBIDDING EN BARMHARTIGHEIDS BEDIENING

OORGEE • OMGEE • AANGEE

JY KAN AFLEWER BY

die Kerkkantoor of Sondae in die boks by die voorportaal los.

# Winterwarm in Julie





**Maak Tyd om te Praat**
Begin ’n gesprek met ’n vriendelike hallo – dit kan die persoon langs jou in ’n tou wees, of iemand wat jy gereeld sien maar nog nooit mee gepraat het nie. liefdadigheidsorganisasie wat dit sal waardeer.



**Versprei Vrolikheid**
Skep ’n rimpeling van vriendelikheid – gee ’n vreemdeling ’n kompliment, hou die deur vir iemand oop of gee iemand ’n hupstoot deur ’n anonieme geskenk te los.

**Wees Teenwoordig**
Gee die geskenk van tyd aan jou gemeenskap – kan jy ’n plaaslike geleentheid ondersteun deur dit by te woon, daar wees vir iemand wat ’n luisterende oor nodig het of tyd spandeer om iemand beter te leer ken?



**Reik ’n Hand Uit**
Reik uit en vra hoe jy kan help – dalk is dit om ’n buurman se hond te gaan stap of om kruideniersware te gaan koop, of waarom nie betrokke raak by ’n plaaslike vrywilligersgeleentheid nie?





**Wees Goed vir die Natuur**
Stap buitentoe en wees lief vir waar jy woon – plant lentebolletjies, maak voëltjiesvoerders of reël ’n vullisoptel-sessie in jou plaaslike park of groen area.



**Wys Jou Ondersteuning**
Skaar jou agter ’n plaaslike besigheid of goeie saak – samel fondse in om hul goeie werk te ondersteun, koop by klein besighede of beveel ’n besigheid aan met ’n positiewe resensie.

**Deel Kos**
Bring mense bymekaar vir ’n lekker bederf – nooi bure, kollegas of jou breër gemeenskap om feestelike kos, pret en vriendskap te deel.





**Bring Vreugde**
Verhelder iemand se dag – kom saam met ander mense bymekaar en versier julle straat, gemeenskapsentrum of plaaslike spasie, of laat ’n positiewe boodskap om iemand te laat glimlag.

**Gee Geskenke**
Deel met diegene rondom jou – maak iets spesiaal vir iemand wat uitstaan in jou gemeenskap, of skenk items aan ’n persoon of liefdadigheidsorganisasie wat dit sal waardeer.



**’n Klein gebaar van goedhartigheid help om ons Gemeente/Gemeenskap snoesig warm te hou**

# EVANGELISM EXPLOSION
# HELDERBERG
## Skool vir Evangelisasie
## *Getuienis & Uitreik Bediening Toerusting*

***Weekliks, Julie - Oktober '26***
***Gemeentes vat hande en belê saam in 'n effektiewe Evangelisasie Aksie***
***Elke Gelowige en Gemeente is welkom***

### *Waarom jy EVANGELISM EXPLOSION Getuienis Toerusting benodig:*

Een van die grootste werklike vreugdes wat gelowiges kan ervaar is om die Evangelie van God se liefde en Verlossing te kan deel. Dit maak jou deel van dié grootste wonderwerk wat God in menselewens kan doen. Dit is ons kern-bediening.

Baie gelowiges weet dat Christus wil hê hulle moet getuig - maar hulle vra: ***HOE?***

**EE Evangelisasie Toerusting help jou gemeente:**

- 'n Vars visie en geesdrif ontwikkel om mense vir die Here te wen.
- 'n Hernude passie ontdek vir getuienis as God se roeping vir elkeen.
- Doelgerig struktureer tot evangelisasie bemagtiging vir alle gelowiges.
- Met vreugde uitreik in jou omgewing as deel van jou bedieningprogram.
- Groei deur vriendskappe te ontwikkel en die Evangelie te deel.
- Passievolle Evangelie getuienis as lewenswyse-opdrag te leef.
- Met 'n aanpasbare, effektiewe bedieningsprogram vir jou eie gemeentegroei.

Toerusting sluit in praktiese in-diens-opleiding as deel van 'n uitreikgroep in die omgewing bwv. kontakmaak, verhoudingsbou en deel van die Evangelie.

*Met waardering word die fasiliteite gebruik van:*

**NGK Lourensrivier-Strand**
H/v Broadway Blvrd &
Da Gamastr.
Strand

**Dinsdae 18:00 - 19:15**
- Jul 21,28
- Aug 4,11,18,25
- Sept 15,22
- Okt 13,20,27

R

**R80 per persoon**
Sluit in:
- Toerustingsmateriaal
- Uitreik hulpmiddele en
- Sertifikaat

***Verversings en etes word gesteun deur 'n vrywillige liefdesoffer.***

Bespreek

Bespreek asb. jou plek
**nie later nie as Ma. 13 Julie**
by **Bernice 021 853 5991**

***EE Dosent: Chris Bester***
***082 444 5685***

***"Almal te saam... vir die Een Naam." Kom ons hou Evangelisasie Roeping ons kern-besigheid!***




Dinsdag 2 Junie by Helderberg Gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes

09:00 - Tee en verversings en 09:30 - Samesang en program

Lede: R10.00 en besoekers: R20.00

**Spreker: Blackie Swart, Helderberg se plaaslike "Slangvanger", kom bied 'n inligtingsessie aan.**

Navrae: Apolonia Maritz by 021 853 7560 of 082 507 7091

## Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS

kom op Donderdag 4 Junie 2026 om 09:50 by die NG Omgeegemeente (Moederkerk} in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.

Don Wessels kom gesels met ons oor sy lewe sonder sig en sonder hande.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15.
Almal welkom.

Kontak vir Naas du Preez vir meer inligting
Sel: 082 804 1729
E-pos: ndupreez022@telkomsa.net



Lourensrivier-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

GRAAD R-7

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 21 Mei | Donderdag - Pinkster - Les 5 |
| 22 Mei | PINKSTER - Oorslaap met ouers in saal by kerk. |
| 24 Mei | Sondag - Pinkster - Les 6 - afsluiting. |
| 31 Mei | Les 11 |
| 7 Junie | Les 12 |
| 14 Junie | Langnaweek |
| 21 Junie | Kwartaal afsluiting |

**ONTHOU!**

Elke Ssondag, ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag

**VIR MEER INLIGTING - SKAKEL GERUS VIR TANNIE KARIN**

083 653 0654

# Pinkster '26

## die Tabernakel

'n Aardse woning vir die Hemelse Koning

**Kom saam op 'n reis om die tentkerk, die tabernakel, in die woestyn te gaan besoek.**

| | |
|---|---|
| **Datum** | *17 - 24 Mei* |
| **Tyd** | *19:00 - 20:00* |
| **Waar** | *NGK Lourensrivier - Kerksaal* |
| **Wie** | *Gr 1 - 7* |



*aangebied deur:*

Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

Lourensrivier-Strand

# LIFELINE JEUG

Hierdie komende Sondag kom ons almal weer bymekaar, hoop almal is veiig na die week se slegte stormweer?

Kom bou in jou persoonlike geloofslewe, staan saam op die Woord en word toegrus om uit te gaan en die Goeie Nuus te verkondig



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**
Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: naam en van
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™ pay with MasterCard VISA and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**Gemeente-Webblad**
https://lourensrivier.co.za/

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

## ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

Shop Local

**MSA MARIUS STENEKAMP ATTORNEYS**
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

**Secure SE**
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**CAM LIVE VISION**
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Blue Crane Funerals**
For all your funeral arrangements.
Vir al jou begrafnis reëlings.
TEL: (021) 853 3952
10 Gordons Bay Road, Strand
info@bluecranefunerals.co.za
www.bluecranefunerals.co.za

**VOLANTRA ORBITAL**
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Flaméros® CHICKEN GRILL**
187 Main Road, Strand
021 854 7774

**FTH ACCOUNTANTS**
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

**HELDERBERG HBP BUILD & PAINT**
CHAPPIE JACKSON (STUART)
info@hbp-group.co.za • 082 872 6830
www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?





Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan jou behulpsaam wees met:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is 'n gelisensieerde lewensversekeraar, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).
Sanlam
Lewe met sekerheid